higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE ENTREPRENEURSKAP N4

(4090294)

15 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–11:00

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE ENTREPRENEURSKAP N4
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

NOTA: As jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien word nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord slegs VIER vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. ALLE berekeninge moet tot TWEE desimale afgerond word.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

GEVALLESTUDIE

Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae.

BEQUEST BRIDES

Soos sy grootgeword het, was sy gefassineer deur troues en trourokke, wat haar gelei het om haar merk as 'n nuwe entrepreneur te maak. Die 29-jarige Zamo Thwala, bedags 'n verkoopsdame vir 'n maatskappy en 'n entrepreneur na-ure, sê: 'Die glinster en glans van troues het my nog altyd betower – veral die pragtige bruide en hulle rokke. Ek hou baie van die ingewikkelde detail, die kant, die kristalle, en wanneer 'n bruid haar rok vir die eerste keer aantrek, staan tyd stil – nie alle kledingstukke het daardie uitwerking nie,' sê sy.

Zamo het aan *SunMoney* gesê sy het 'n gaping in die mark gesien toe sy besef het dat baie vrouens sukkel om die regte, pragtige rok te kry om op hulle groot dag te dra. Dit het haar geïnspireer en kort daarna het sy eksklusiewe rokke uit Brasilië, Frankryk, Turkye en Rusland begin invoer. 'Ons weet almal dat troues een van die lewe se onvergeetlike geleenthede is: die bruid is die koningin en die bruidegom is haar koning. Met die hele kamer gefokus op die bruid, moet sy soos 'n koninklike lyk.'

Sy het haar maatskappy, Bequest Brides, verlede jaar begin. 'Vir 'n jaar al, doen ek alles moontlik om seker te maak dat bruide op hulle groot dag straal.'

Zamo het haar beste wenke gegee om jou drome na te jaag:

- Volg jou passie:

'My passie vir alles wat verband hou met troues het my gehelp om alle aspekte te ondersoek om seker te maak ek verstaan my mark.'

- Stel kort-, medium- en langtermyn doelwitte:

'Om sulke doelwitte te hê, sal jou help om te fokus. Selfs die bietjie vrye tyd wat ek het, gebruik ek om op die hoogte van die nuutste trou-tendense te bly.'

- Kry 'n vennoot wat net so passievol soos jy is:

Zamo is so goed met wat sy doen dat sy al 'n paar keer op DStv verskyn om haar rokke aan nuwe bruide te vertoon.

- Om verantwoordelikhede en die stres van besigheid met 'n vennoot te deel, help baie:

'Saam met my sakevennoot, Arista Stander, beplan ons om ons handelsmerk van ander dele van Johannesburg en Tshwane uit te brei.' Die twee bestuur Bequest Brides van Northriding waar hulle passie en entoesiasme vir wat mense nodig het, hulle laat uitstyg bó hulle mededingers.

As jy meer wil uitvind oor watter rokke beskikbaar is by Bequest Brides, besoek hulle Facebook-groep.

[www.facebook.com/PearlsBridalCreationPtyLtd of besoek www.bequestholdings.co.za]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Gee VIER redes waarom jy dink Zamo haar eie besigheid begin het. (4)

1.2 Identifiseer DRIE persoonlike hulpbronne wat Zamo moet hê om suksesvol te wees. (3)

1.3 As 'n entrepreneur, speel Zamo 'n belangrike rol in ons land se ekonomie. Gee DRIE redes om jou antwoord te staaf. (3)

1.4 Noem VIER items wat Zamo in die bemarkingsgedeelte van haar besigheidsplan sal insluit. (4)

1.5 Noem ten minste VYF funksies betrokke by 'n sake-onderneming. (5)

1.6 Zamo wil graag 'n besigheidskaartjie gebruik as een van haar promosie-metodes.

Watter inligting moet op Zamo se besigheidskaartjie verskyn? (4)

1.7 Bereken 14% van R5 200. (2)

[25]

VRAAG 2

2.1 Zamo oorweeg dit om die besigheid in vennootskap met haar vriendin te bestuur.

Wat is die redes om 'n vennootskap te vorm? (4)

2.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde in te vul. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.2.1 … kapitaal moet binne 12 maande terugbetaal word.

2.2.2 'n … begroting is 'n metode om kontanttekorte te verwag en vermy.

2.2.3 'n … is 'n skriftelike instruksie wat 'n trekker aan 'n betrokkene maak om 'n sekere bedrag geld op versoek aan 'n sekere persoon te betaal.

(3 × 1) (3)

2.3 Zamo moet van bankfasiliteite gebruik maak om haar geld in die besigheid te bestuur.

Noem ten minste VIER verskillende tipes bankfasiliteite. (4)

2.4 Voltooi: Verkope – Koste van verkope = … (1)

Kopiereg voorbehou

2.5 Noem die sekuriteit waardeur 'n familielid hom/haar verbind om die skuld te betaal as die debiteur nie in staat is om die lening te betaal nie. (1)

2.6 Noem die DRIE kategorieë goedere en dienste wat behoeftes bevredig. (3)

2.7 Verduidelik die kategorieë wat in VRAAG 2.6 genoem is. (3)

2.8 Vermeerder R265,50 met 15%. (3)

2.9 Noem DRIE vaste bates wat Bequest Brides gebruik. (3)
[25]

VRAAG 3

3.1 Bespreek kortliks VIER faktore wat Zamo moet oorweeg wanneer sy 'n verskaffer kies. (4)

3.2 Zamo wil ontslae raak van ou voorraad.

Stel DRIE maniere voor waarop sy haar stadige verkopers vinniger kan verkoop. (3)

3.3 Sekuriteitsmaatreëls speel 'n baie belangrike rol in die beperking van voorraadverlies en veilige voorraadstapeling ('stock piling') metodes.

Noem VIER maatreëls wat Zamo sal tref om haar voorraad doeltreffend te bestuur en voorraadverliese te minimeer. (4)

3.4 Zamo wil kantmateriaal koop. Sy sal 5,5% afslag kry as sy kontant betaal. Die materiaal kos R3 200.

3.4.1 Hoeveel sal die afslag wees?

3.4.2 Hoeveel sal Zamo vir die materiaal betaal ná die afslag?

(2 × 2) (4)

3.5 Gee 'n kort beskrywing van die volgende terme:

3.5.1 Kopiereg

3.5.2 Marksegmentasie

(2 × 3) (6)

3.6 Watter getal moet van 8 967 afgetrek word om 6 798 te kry? (2)

3.7 As 4 rokke R2 400 kos, hoeveel sal 20 rokke kos? (2)
[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Noem VYF basiese bestuursfunksies wat Zamo moet uitvoer om suksesvol in haar besigheid te wees. (5)

4.2 Verduidelik VYF belangrike redes vir die doeltreffende verpakking van produkte. (5)

4.3 Noem die SEWE stappe wat Zamo moet volg aangaan die aankoop van voorraad prosedure. (7)

4.4 Zamo is vasbeslote dat haar besigheid se administrasie korrek verloop.

Noem DRIE administratiewe funksies wat jy moet uitvoer. (3)

4.5 Zamo se netto wins het in 2007 met 10% gedaal en haar netto wins vir 2006 was R14 000.

Bereken haar netto wins vir 2007. (3)

4.6 Wat is 'n nie-oordraagbare tjek? Gee besonderhede. (2)
[25]

VRAAG 5

5.1 Noem enige DRIE promosiemetodes wat Zamo kan gebruik om met haar kliënte te kommunikeer. (3)

5.2 Noem VYF eienskappe wat Zamo moet hê om aan haar besigheidsvereistes te voldoen. (3)

5.3 Zamo het 12 vrouens en 12 mans in haar diens.

Watter persentasie van haar personeel is vroulik? (2)


5.4 Beskryf ten minste TWEE teikenmarkte of -segmente wat Zamo sal bedien. (2)

5.5 Bespreek DRIE voordele van die vryemarkstelsel. (3)

5.6 Verduidelik die belang van 'n sakeplan. (5)

Kopiereg voorbehou

5.7 Benoem die grafiek hier onder deur slegs die korrekte letter (A–G) langs die gepaste vraagnommer (5.7.1–5.7.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.



5.7.1 Totale koste-area

5.7.2 Gelykbreekpunt

5.7.3 Vastekoste-lyn

5.7.4 Wins-area

5.7.5 Inkomstelyn

(4 × 1) (4)

[25]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou